

Om diensbaar te wees...

Groot was lidmate se verstomming toe hulle een oggend in Februarie by die erediens aankom en met 'n vriendelike glimlag en 'n yskas-magneet verwelkom word!

'n Lidmaat kom vra eendag by die kerkkantoor of sy maar sulke yskas-magnete kan maak en 'n herinnering aan die Kleinmond basaar daaraan kan heg.

Sy spring aan die werk, koop wat sy nodig het en maak dit eiehandig.

Dankie, Elaine, dat jy ons weer herinner het dat elke lidmaat inisiatief kan neem en 'n verskil kan maak.

Groot drome vir die kerkgebou

Voortspruitend uit die strategiese beplanning waarmee die kerkraad reeds meer as 'n jaar besig is, het die besef gegroei dat daar by al drie aanbiddingsplekke 'n ruimte moet wees waar lidmate na die erediens kan kuier en saam 'n koppie tee drink. By die kerksaal en gemeentesentrum word dit met groot vrug gedoen. By die kerkgebou is die konsistorie net te klein en dit ontmoedig lidmate.

Die droom is om die kerkgebou aan die agterkant uit te bou en so 'n kuier-area te skep wat vir allerlei funksies aangewend kan word. Daar is reeds 'n voorlopige plan daarvoor geteken. Die plan sal binnekort bekend gemaak word sodat lidmate kan insette lewer.

Om die bouprojek te befonds, het die kerkraad op die vergadering van 19 Februarie besluit om die pastorie in Isaacsrivierweg in die mark te sit indien nodig. Ander opsies word ook ondersoek. Ons sien opgewonde uit na die ekstra stoor- en kantoorruimte en kuierplek.



GEMEENTENUUS

NG KERK KLEINMOND

Maart 2018

Span gerus die kar voor die perde

Kom ons kyk 'n bietjie na ons lewe van agter af vorentoe: 'n mens behoort heel eerste dood te gaan en dit agter die rug kry en dan moet jy twintig jaar in 'n ouetehuis bly. Daarna word jy uitgeskop omdat jy heeltemal te jonk geword het. Dan ontvang jy 'n goue horlosie en jy gaan vir die eerste keer werk toe. Nou begin die lewe op kollege of universiteit...totdat jy gereed is vir die hoëskool. Dan gaan jy laerskool toe, jy word 'n kindjie, jy speel, jy het geen verantwoordelikhede nie, jy word 'n babatjie, jy gaan terug in die baarmoeder, jy dryf die laaste nege maande om en dan eindig jy as 'n glinstering in iemand se oog!

Wensdenkery, sou 'n mens sê. As die lewe tog maar so in trurat gegooi kon word. Dan sou daar menslikerwys vir menigeen beslis meer vreugde in die lewe wees. Maar die Here het dit goed gedink om ons as die vonkel in twee mense se oë te laat begin en dan te laat eindig in die graf. Want ná die graf begin die lewe op 'n totaal nuwe manier; eintlike en ware lewe wat trurat heeltemal oorskadu! In die hemel is al die dinge van "vroeër" verby; daar is nie meer seerkry en oudword en doodgaan en trane nie (Openbaring 21:4). Die Here sal alles nuut maak (vers 5). En net ingeval iemand dalk sou twyfel, bevestig die Here sy belofte in dieselfde vers: *Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar.*

Willie van Rooyen
(verkort oorgeneem uit *Gesels maar met God*)